

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 26 NOVEMBER 2019 OM
09:00 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Otto Pepler
Riekie Pienaar
Lana Pepler
Hettie Jooste

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering met gebed en heet almal welkom.

2 VERSKONINGS

Martiens Kunneke.
Joe Meyer skakel telefonies in.

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES

Die notule van die vergadering gehou op 14 September 2019 word aanvaar en goedgekeur.

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 Omgewingsake

Joe rapporteer die volgende:

Alle werk aan die duine is gedurende Julie/Augustus afgehandel en slegs instandhouding sal in die toekoms gedoen word.

Daar word met Nomvelo onderhandel om toerusting te verskaf vir ten minste 2 dae om die volgende instandhoudingswerk te doen sodra Joe in Oesterbaai arriveer in Desember: braaivleisplek, strandpad, riviermond en oopmaak van opvangslote.

Op navraag oor die vertraging met die rehabilitasiewerk rapporteer Joe dat die R10m wat beskikbaar is vir die werk nog nie deur die Departement van Omgewingsake oorgeplaas is na KM nie. Die werk wat gedurende Julie/Augustus gedoen is en die oopmaak van Branderstraat, kom uit die KM begroting.

Joe rapporteer ook dat daar tydens die onlangse IDP vergadering bevestig is dat die begroting voorsiening maak vir 'n deurlopende bedrag van R75 000 elke 3 maande vir instandhoudingswerk.

4.2 Watervoorsiening

Otto spreek sy bekommernis uit dat dieselfde probleem as 2 jaar gelede mag opduik as gevolg van die volgende redes:

- Twee nuwe boorgate nog nie toegerus en opgekoppel nie. Volgens Willie Botha gaan dit eers gedoen word sodra die nuwe begroting in Julie 2020 in werking tree.
- Umzamowethu boorgat lewer nie sterk water nie.

- Slegs 1 fontein loop sterk (180kub meter/dag) en die ander fontein lewer geen water nie, aangesien die area rondom die fonteine vuil is en nie skoongemaak is nie.
- Die boorgat by die sump (80kub meter/dag) is nog steeds nie toegerus met 'n pomp nie.
- Die versoeke om te sorg dat alle opgaarfasiliteite vol is voor die aanvang van die vakansieseisoen, is nie nagekom nie.

Otto en Joe sal afspraak met Eddie en Victor probeer maak om die situasie te bespreek.

AKSIE: OTTO EN JOE

Otto kry toestemming om die R6000 wat hy geskenk het tov watervoorsiening aan te wend om arbeid te huur om die area by die fonteine skoon te maak.

AKSIE: OTTO

Gereelde kennisgewings rakende die watersituasie sal vanaf 5 Desember aan alle Oesterbaaiers gekommunikeer word.

AKSIE: HETTIE

4.3 Paaie

Die meeste paaie is onlangs deur KM gegruis en die paaie is in 'n redelike goeie toestand.

Paar gate in die teerstraat wat aandag nodig het en in Tornynstraat is daar ook 'n groot gat wat aandag nodig het.

AKSIE: JOE

4.4 Finansies

Martiens het die finansiële state soos op 31 Oktober beskikbaar gestel voor sy vertrek.

Vir die eerste keer in 'n paar jaar sluit die jaar af met 'n netto oorskot van R4733.82.

Kontant beskikbaar: R89 389.37

Uitstaande lening: R50 000.00

Trustfondse (Diereprojek en Biblioteek): R2 845.00

4.5 Gemeenskapsaal

Waardering word uitgespreek vir Martiens wat 'n plafon van "sisalation" in die kombuis ge-installeer het en ook vir die moeite om die 2 yskaste en ekstra stoele baie billik te bekom.

Adriaan rapporteer:

- Die dak van die saal bly steeds 'n probleem en is by die IDP vergadering op die prioriteitslys geplaas.
- Verskeie besprekings vir die saal is gekanselleer en die aankoop van 'n stoof bly 'n behoefte aangesien huurders die behoefte daarvoor het. Die saal word hoofsaaklik gebruik deur SASSA en die kerke. Hettie het weer met SASSA opgevolg oor die betaling en die MOU wat nog nie deur hulle onderteken is nie.
- Saal word weekliks skoongemaak en die aankoop van 'n stofsuier sal hierdie taak aansienlik vergemaklik. Dit sal by die eerste vergadering van 2020 bespreek word.

AKSIE: HETTIE

- Die terrein waar die tent opgeslaan moet word tydens die Kontreimark sal moet opgevul en gelykgemaak word.

AKSIE: JOE

- Daar moet op gereël word vir die skoonmaak van die saal en regsit van die stoele op 24 Desember.

AKSIE: FANIE

4.6 Afvalstortingsterrein

Lana rapporteer:

- Die terrein is op die oomblik baie netjies.
- Die kantmuurtjies van die oprit is steeds nie voltooi nie – probleem met kontrakteurs.
- 'n Toilet en water is beskikbaar. Die huisie se deur is gesluit en die sleutel is weg en Lana sal dit aanspreek. Daar word versoek dat 'n spaarsleutel aan een van die komiteelede beskikbaar gestel word.

AKSIE: LANA

- Nog steeds net 2 tips beskikbaar en KM het ongelukkig nie ekstra tips beskikbaar nie.
- Bashin sal genader word om die area se gras te sny.

AKSIE: LANA

Daar is nog steeds 'n probleem met die aflaaie van vullis wanneer die terrein gesluit is en dit word bespreek dat die tye baie onprakties is, veral vir die storting van tuinafval. 'n Versoek sal aan Mnr. Swartbooi gerig word dat die tye verander word na 09:00 – 17:00 in plaas van 08:00 – 16:00 en dat daar veral gedurende die vakansietyd aanpassings gemaak word hiermee.

Daar is ook klagtes oor die tuindienste wat massas grassnysels stort. Spyker het genoem dat Izak van der Merwe hierdie snysels benodig op sy plaas en dat hy bereid sal wees om dit periodiek te kom oplaai. Lana sal opvolg.

AKSIE: LANA

4.7 Umzamowethu

Adriaan noem weer dat hy nie meer kans sien om hierdie reuse taak alleen te hanteer nie. Otto stel voor dat daar 'n werksomskrywing gedoen word sodat van die take na verskillende mense gekanaliseer kan word. Fanie beklemtoon dat die behoeftes van Umzamowethu steeds die verantwoordelikheid van die OIV is en Joe beaam ook dat dit die primêre doel van die OIV is.

4.8 Brandweer

Riekie bevestig dat daar tydens die onlangse IDP vergadering weer genoem is dat daar tans nie fondse beskikbaar is vir die voltooiing van die stasie nie, maar dat dit steeds op die agenda bly.

Die beplande NSRI stasie sal ook 'n baie positiewe bydra lewer.

4.9 Kommunikasie/Nuusbriefe

Hettie bespreek die probleem dat verskeie mense wat nie lede van die OIV is nie, gereeld dienste en produkte adverteer op die Whatsapp groep. Daar word eenparig besluit dat daar in die toekoms slegs advertensies geplaas sal word van persone wat lede van die OIV is. Hettie sal dit kommunikeer.

AKSIE: HETTIE

Fanie beplan om die gebruiklike Desember nuusbriewe op 16 Desember te versprei.

AKSIE: FANIE

Elmarie sal gevra word om weer seker te maak dat die Noodplan in al die vakansiehuse beskikbaar is.

AKSIE: HETTIE

4.10 Biblioteek

Die biblioteek is 'n groot sukses en baie mense maak gebruik van die twee vriendelike dames se dienste. Baie dankie Anita en Hylie.

4.11 Diereprojek

Adriaan is aktief besig met hierdie projek en ontvang gereeld versoeke uit Umzamowethu en Oesterbaai vir hulp met die verwydering van klein hondjies, uitsit van ou honde en diere wat mishandel word of sonder kos of water vasgemaak by huise gesien word. Baie goeie samewerking word van die Humansdorptak van die DBV ontvang en is nou onder goeie bestuur.

Adriaan onderneem om 'n slot aan die kollektebussie by die winkel te sit.

AKSIE: ADRIAAN

Fanie en Cornelia onderneem om hul inkomste tydens die Kontreimark aan hierdie projek te skenk en om ook 'n daadwerklike poging aan te wend om meer betrokkenheid te kry.

AKSIE: FANIE

4.12 Kontreimark

Fanie rapporteer die volgende:

- Die reëlins is goed op dreef.
- Die bedrag vir die verskeuring wat uitgeneem moet word beloop R3500. Donasies van R1500 is reeds ontvang hiervoor en nog donateurs is genader.
- Alle uitgawes behoort binne die goedgekeurde begroting gedek te word en, soos in die verlede, behoort ons weer net mooi gelyk te breek.

Fanie versprei 'n lys met verantwoordelikhede.

4.13 Kersdiens

Dr Barry Tolmay sal die kersdiens waarneem.

Hettie sal met Choppie reël vir die klankstelsel en ook die musiek met Barry uitklaar.

AKSIE: HETTIE

4.14 Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering sal op 19 Desember om 10:00 plaasvind.

Die kennisgewing en voorlopige agenda sal binne die volgende week versprei word.

Die notule van die 2018 vergadering is reeds versprei en op die webblad beskikbaar.

Otto wil tydens die vergadering gesels oor Omgewingsverryking. Hettie sal dit byvoeg op die agenda.

AKSIE: HETTIE

4.15 Bestuurskomitee 2020

Al die lede van die huidige komitee, behalwe Riekie, se termyn verstryk aan die einde van 2020 eers. Riekie is bereid om haarself weer verkiesbaar te stel en Hettie sal sorg dat sy 'n nominasievorm bekom.

AKSIE: HETTIE

Daar sal dringend moet gepoog word om nuwe, jonger mense betrokke te kry aangesien van die komiteelede aangedui het dat hulle beplan om aan die einde van volgende jaar uit tree. Walter onderneem om Marie Oosthuizen te probeer werf.

AKSIE: WALTER

5 ALGEMEEN

5.1 Provinsiale pad

Na die onlangse vergadering met Randall Moore van die Departement van Vervoer is die inligting via Whatsapp gekommunikeer. Randall het intussen bevestig dat Mnr Masterson die dokumente geteken het en dat dit nou ingedien is by die Departement Minerale en Energiesake om bygevoeg te word by die Environmental Management Plan (EMP) wat in Julie ingedien is. Hierdie area beskik oor die beste gruis vir die pad in die nabye omgewing.

Mnr Masterson het ook ingestem om toe te laat dat die voorgestelde groef omhein word en materiaaltoetse gedoen word sodat, sodra die EMP goedgekeur is, daar dadelik kan aangegaan kan word met die uithaal en verweking van die materiaal.

Walter sal die volgende sake aan Randall rapporteer:

- Oorgroeide bome langs die St Francispad wat die uitsig versper.
- Die afwesigheid van die aanwysingsbordjie by die St Francis afdraai.

AKSIE: WALTER

5.2 IDP vergadering

Walter gee terugvoering oor die onlangse IDP vergadering en noem dat ekstra grond vir die uitbreiding van Umzamowethu en 'n begraafplaas op die prioriteitslys is. Die versoek van die persone teenwoordig om werkskepping in Umzamowethu as eerste prioriteit te stel, is deur die Munisipale amtenare so aangeteken. Ondersoek na grond vir bykomende behuising in Umzamowethu word dan prioriteit 2.

5.3 Grondwet

Krisjan Korf het tydens verlede jaar se AJV onderneem om die grondwet te hersien. Dit is intussen terugontvang van hom en aan die komiteelede versprei vir kommentaar. Almal stem saam dat sekere wysigings aan Klousule 8 aangebring moet word en Hettie sal dit so deurgee aan Krisjan. Die voorgestelde wysigings sal saam

met die kennisgewing en agenda aan alle lede versprei word en dan tydens die AJV bespreek word.

AKSIE: HETTIE

6 VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal vir die 2de week in Januarie gereël word.

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
SEKRETARESSE

DATUM:.....